# Jeugbediening - verbondenheid of verwonding?

G.P.V. le Roux & P.J. Rossouw
Departement Diakoniologie
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

**Abstract**

*During the last decades a certain philosophy and theology of youth ministry have developed within the Dutch Reformed church. This existing approach is still applied today but the question remains, however, why this specific approach to youth ministry is maintained. The present theoretically based approach is somewhat isolated from the realities of life and has resulted in the discussion of ideas which have little effect on (religious) values, personality and behaviour. Youth ministry does not only present itself in the communication of true ideas about the Bible, but also exists in the exploration of ways to commit ourselves and our children to the Lord. Commitment to God manifests itself in inter alia our attendance of Sunday church services - an opportunity to experience the presence of God by means of the preaching of his Word. The question thus arises why our children are not always regarded as an integral part of this community which should glorify the Lord and partake of his blessings every Sunday.*

## 1. INLEIDING

Die kind is vir die kerk dringend belangrik. Die vraag is egter: Is die kerk vir die jeug net so belangrik? Gedurende die afgelope dekades het die kerklike belangstelling in die jeug drasties toegeneem. Die fokus het al hoe meer begin val op die feit dat dit in jeugbediening gaan om 'n jong*mens* (Jenstch, 1977:58). Die verblydende is dat die 'kerk' al hoe meer tot die besef gekom het dat dit belangrik is om na die 'stem' van die jeug as kerkjeug te luister. Daarom is dit uiters belangrik om te let op sake soos die jeug se gemeenskap of *koinonia met* die kerk, *in* die kerk, en *as kerk*. *Koinonia* het ook te make met die jeug se belewing van deelwees met die kerk (Le Roux, 1989:227-280).

Alhoewel dit meestal aanvaar word dat die jongmens nog 'n groeiproses na volwassenheid moet ondergaan, is hy of sy 'n volwaardige mens (Landman *et al.*, 1975:68). Die vraag wat egter gevra word is of dié jeug hom binne die kerk met al sy aksies/gestaltes beleef as 'volwaardig'? Barnard (1988:351) beklemtoon juis die gedagte dat die kerk van Jesus Christus daarna moet strewe "om die kinders van die gemeente te wen, te behou en daadwerklik in te skakel in die lewe en werk van die kerk".

Beleef die jeug die kerk as 'n gebeure waar hulle hul as Christene kan uitleef? In 'n tieneronderσoek kom dit aan die lig dat 47,8% van die tieners onomwonde verklaar dat hulle hul heeltemal met die gemeente kan vereenselwig (hul verbondenheid), terwyl "*daar baie tieners (is) wat gereed is om hierdie kerk (NG) te verlaat as dit nodig word of*

*wat onseker oor voortgesette lidmaatskap daarvan is*" (De la Rey, 1992:170). Laasgenoemde dui daarop dat die band tussen die kerk en die jeug as onbevredigend beleef word (hul verwonding).

## 2. 'N HERMENEUTIESE VERANTWOORDELIKHEID

Dit is veral vanuit die teologiese interpretasie en bedieningsopdrag (Le Roux, 1989:82-94) belangrik dat die Woord van God getrou aan sy eie bedoeling so verkondig sal word dat ook die jeug dit in sy eie tydsgewrig as suiwer en relevant sal verstaan en verwerk (Du Toit, 1970:162). Die kerk is dus geroepe om met sensitiwiteit die Woord te bedien sodat die kind dit sal beleef as 'n Woord vir sy situasie en realiteit.

God is besig om sy koninkryk in vervulling te laat gaan; dit beteken dat die kerk enersyds 'n roeping het tot opbou en andersyds tot uitbreiding. As dit gaan om bewaring, beteken dit dat die kerk doelgerig na sy eie doop- en belydende lidmate moet kyk (De la Rey, 1992:1). Die jeug moet net soos enige ander lidmaat toegerus word om mee te werk aan die uitbreiding van die koninkryk. Barnard (1988:359-60) beklemtoon die feit dat kinders nie alles rasioneel gaan verstaan nie; tog beleef hulle die godsdiens as eksistensieel - 'n gegewe wat hulle motiveer om God met oorgawe lief te hê en te dien.

Vir die verbondsteologie (Black, 1979:7-19) is dit duidelik dat die kind of jongmens daadwerklik deel is van God se inherente bemoeienis (Le Roux, 1989:17-21) en dan kan daar nie bloot aanspraak gemaak word op 'n Bybelse fundering dat God alle mense liefhet nie. Die vraag is eerder hoe God se teenwoordigheid of nabyheidsgestalte (Firet, 1979:25-29) 'n realiteit is in die lewe van die gelowige. In hierdie opsig is God "the God of experience and not of speculation" (Clements, 1978:67). God wil dus aktief gedien, geloof, geken en aanbid word.

Hierdie uitgangspunt het belangrike konsekwensies vir die gemeentebediening, erediens, liturgie, prediking, herderlike besoek en godsdienstige belewing van die kind. Enersyds gaan dit om die teologiese inhoud van die bediening, maar andersyds gaan dit ook om die wyse van bediening. Dit blyk duidelik dat tieners 'n behoefte het aan meer kennis van God Drie-enig; hulle wil graag meer weet van die wese en persone van God die Vader en Jesus Christus, die Here, asook van sy lewe, sterwe en wederkoms. Terselfdertyd blyk dit dat die wyse waarop die Evangelie oorgedra word "*outyds geword en grotendeels onvanpas geraak het*" (De la Rey, 1992:188). Daarom dat die volgende vrae onder andere gevra word:

> Slaag die predikante daarin om hierdie Ou-Testamentiese waarheid (genadeverbond wat in die Ou-Testament ontstaan het) in die *taalgebruik* en *idioom* van die *Nuwe Testament* oor te dra? ... Slaag leraars daarin om die leer van die genadeverbond ook in die alledaagse *omgangstaal en vaste uitdrukkings* van die *wederkoms van Christus uit te dra*?" (De la Rey, 1992:188-189).

Jeugbediening is dus wesenlik deel van die kerk se bediening as God se bemoeienis met die jeug. Black (1979:26) maak na aanleiding van Deuteronomium 6 tereg die

volgende opmerking: dat dit die kind daartoe moet bring om te sê: "Ek verstaan nou wat die Here ONSE God ONS beveel het. ... Ek wil dit (genadeverbond) volledig myne maak!"

## 3. DIE KERKLIKE ONTWERP

Gedurende die afgelope dekades het heelwat jeugorganisasies wat veral op evangelisasie gerig was, ontstaan (Pieterse, 1979:278-85). Dit blyk egter dat die term *youth ministry* sy beslag veral sedert die industriële revolusie gekry het. Voor daardie tyd was die kerklike belangstelling in die jeug nie 'daadwerklik' nie, maar het dit hoofsaaklik opgegaan in die "family organization with few activities designed for exclusive age groupings" (Corbett & Johnson, 1972:3).

Wat opmerklik is, is dat die ontwerp waarmee die 'kerk' gewerk het om die jeug te betrek, baie sterk gebaseer was op die prinsipe van die vereniging, assosiasie of fasiologie. Alhoewel die eiesoortige behoeftes van die jeug nooit buite rekening gelaat mag word nie, is die gemeente tog nie werklik kerk sonder die daadwerklike funksionering van die jeug as wesenlik deel van die kerk nie. Die argument dat die kind altyd in 'n bepaalde fase is en eers later werklik deel van die gemeente sal wees, is onaanvaarbaar en onverdedigbaar.

Die vraag wat egter *nou* gevra kan word, is of die kerk/gemeente daarin geslaag het om nie net die jeugwerk van die vereniging oor te bring na die kerklike verantwoordelikheid nie, maar of die jeug ook werklik *as* gemeente funksioneer? Het daar nie maar net 'n struktuurverruiling plaasgevind, terwyl die 'jeugbediening' nog *per se* 'n afsonderlike en geslote verantwoordelikheid is nie? Word die jeug nie nog steeds as maar net *nog 'n deeltjie* van die gemeente gesien nie?

As Nel (1982:111) skryf dat die "jeug nêrens in die gemeente oor die hoof gesien of geïgnoreer mag word nie" en dat die jeug "in elke faset van die bediening in die gemeente bygedink" moet word, is die vraag vandag: Wie het hierdie dinkwerk gedoen? Is daar weer gedink in terme van afsonderlikheid, of is daar ook rekening gehou dat die jeug wil saamdink, saambid, saamsing, saam offer en saam kerk wil wees?

In die bediening van die Woord aan die gemeente moet daar noukeurig gelet word op die *kerugma* van die Woord as Woord, die belewing van die sakramente en in die woorde van Jonker (s.a.) "het leven uit dit Woord". Laasgenoemde word dan nie bepaal deur geforseerde evangelisasieveldtogte en jeugbedieningsmetodes, of "allerlei charitatiewe activiteiten" om onder andere die jeug te betrek nie, maar deur "interne factoren" soos "de samenkomst der gemeente, de eredienst, de liturgie als een waarachtige geloofsexpressie van de gemeente van Christus in de huidige samenleving" (Jonker, s.a.:10-12).

Die kerk sal hom dus in sy jeugbediening telkens moet kan verantwoord ten opsigte

van die teologiese uitgangspunte wat dit ten grondslag lê. Bäumler (1977:117) verklaar daarom dat "(k)eine evangelische Jugendarbeit sei denkbar, in der nicht die Bibel die gemassgebende Rolle spielt".

Dit beteken veral dat die prinsipes wat die dryfveer tot jeugbediening is, ook geëvalueer sal moet word deur die jeug se belewing daarvan. Daarom moet daar met eerlikheid en openlikheid gelet word na die jeug se reaksies op byvoorbeeld die erediens en die preek. Waarom is dit so dat baie tieners (hoë persentasies) "*selde 'n boodskap kry oor hoe hulle in die week as Christene kan leef en dat hulle neerslagtig voel as hulle na die prediking die kerkgebou verlaat*"? (De la Rey, 1992:178).

Lont (1985:3) het hierdie problematiek soos volg verwoord:

> ... to be told from infancy that you are 'God's own children' and 'members of the church' (even subject to its disciplines) and then in the daily and weekly experience of living in the covenant community to 'get the message' that you are really considered to be 'the church of tomorrow' carries a jeopardy that we cannot risk *any* longer - if indeed we ever could.

Die grondliggende probleem is gevolglik die vraag na die kerklike 'ontwerp'. As daar gepraat word van 'n jeugbediening, gaan dit om 'n bediening oor die jeug aan die jeug, of om 'n bediening waarvan die jeug inherent deel is? Is die jeug nog steeds 'n spesiale groep met 'n spesiale stel liedere wat by geleentheid welkom is in die erediens? Waarom gebeur dit dan dat van die kind verwag word om in die erediens teenwoordig te wees, maar terselfdertyd blyk dit dat hy vergeet word? (Barnard, 1988:351).

Dit bly daarom dringend belangrik om voortdurend te let op doelwitte, metodes, teologiese uitgangspunte en konkrete gestaltes wat in die kerklike jeugbediening teenwoordig is. Daar is soveel invloede wat op die jeug inspeel, dat die 'bedagsame leraar' daarop gesteld sal moet wees "om sy preekstyl so aan te pas dat hy sy gemeentelede se aandag trek en behou. Sodoende kan hy die evangelieboodskap meer verstaanbaar en doeltreffender aan die gemeente oordra" (De la Rey, 1992:6). Indien die kerklike tradisie nie getoets en geëvalueer word nie, kan dit baie maklik lei tot 'n wegbeweeg van die formele en georganiseerde vorme en strukture waarin die geloof gewoonlik tot die jeug kom (Raubenheimer, 1984:179).

## 4. HISTORIESE AKSENTE

Dit is verblydend om te kan boekstaaf dat jeugbediening 'n progressiewe weg opgegaan het. De Klerk *et al.* (1979:40) wys byvoorbeeld daarop dat daar na die sogenaamde 'Evangelical Awakening' (ongeveer 1858-1908) 'n hele aantal bewegings ontstaan het wat doelbewus op die jeug toegespits was.

Die bedoeling van hierdie groeperings was om die jeug volgens sy geestelike aard te huisves. As daar vandag gekyk word na die aandag aan die jeug op die gebied van evangelisasie, wys Barnard (1979:325) op onder andere 'n vyftiental sulke organisasies.

Hy onderskei tussen studente-evangelisasie, interkerklike en buitekerklike jeuggroepe, en kinder- en jeugevangelisasie.

Dit is dus duidelik dat jeugbediening gedra is deur 'n etos om die Christelike geloof deel te maak van die jong*mens*. In dié opsig is erns gemaak met die studie van die Bybel en van die uitbreiding van God se koninkryk. Terselfdertyd het die besef deurgebreek dat die Sondagskool nie die enigste en belangrikste wyse van die Christelike Woordbediening is nie. Die poging om jeugbediening gemeentelik en veral teologies te fundeer, is verblydend (Westerhof, 1976:3-5).

Die vraag bly egter of jeugbediening 'n weg opgegaan het waar die jeug nog steeds ten dele die gemeente se verantwoordelikheid is en of dit 'n geïsoleerde 'losstaande' gemeenteaktiwiteit is. Nel (1982:11) het hom baie sterk daarvoor beywer het dat jeugbediening gesien moet word as 'n "omvattende gemeentebediening ... (wat) veel meer (omsluit) as net die georganiseerde bemoeienis van een of ander organisasie wat in noue verband met die kerk organiseer". Sy teologiese motivering hiervoor is dat die verbond en God se bemoeienis met sy verbondsvolk so 'n skeiding soos die tradisionele ongeregverdig maak (Nel, 1982:111).

## 5. ONVERDEDIGBARE UITGANGSPUNTE

Die ontstaan van allerlei bewegings het dikwels sekere leemtes in die kerklike bediening beklemtoon. De Klerk *et al* (1979:47) wys onder andere daarop dat die kerk in gebreke gebly het om geesteskragte in die gemeente te kanaliseer. Terselfdertyd het die jeugbewegings wat met een of ander godsdienstige motief ontstaan het, ook nie altyd ontkom aan ernstige teologiese tekortkomings nie. In hierdie opsig wys Pieterse (1979:279) nie net op die kritiek op eie selfstandige jeugorganisasie langs en selfs teenoor die kerk nie, maar hy wys ook op die oppervlakkige leerstelligheid wat ten grondslag daarvan lê. Daar is selfs "geen gegrondheid in die Skriftuurlike geloofsleer" by hierdie organisasie nie. Little (1986:15-17) lewer skerp kritiek op die volgende uitgangspunte:

- Die *future-church heresy*. Te dikwels word die jeug beskou as die kerk/lidmaat van môre. Die gevolg is dat die jeug nie werklik begelei word as die kerk van nou nie. Die jongmens ervaar die kerk as van gister en vir 'grootmense'. In hierdie opsig ervaar die jeug steeds die erediens as 'n gebeure waarin hulle toevallig of gedwonge moet wees.

- Die *number-game heresy*. Volgens hierdie uitgangspunt bepaal getalle die 'doeltreffendheid' en 'sukses' van die kerk se taak in hierdie wêreld. Kinders word lidmate van die kerk bloot ter wille van die sosiale aanvaarbaarheid, status en tradisie daarvan. Dit is dan dat die kerk al hoe groter word in plaas daarvan om oortuigde en roepingsbewuste lidmate te lewer.

* Die *street-cleaning heresy*. Met hierdie benaderingswyse is die kerk besig met allerlei aksies bloot om die jeug besig te hou en van die straat af te kry. In aansluiting hiermee loop jeugaksies die gevaar om programme bloot te verkerklik. So dikwels is jeugaksies die resultaat van 'n potensiaal-ontwikkeling van die kind, in plaas daarvan dat dit "gaan om Christelik-kerklike handelinge binne die raamwerk van die koninkryk ten dienste van die koms van God in sy Woord" (Louw, 1984b:46).

* Die *stop-gap heresy*. Die jeug kan ook by soveel organisasies betrek word sonder dat die vraag gevra word of hierdie aksies werklik ten doel het om die jeug in hulle geloof op te bou.

In aansluiting by voorafgaande 'dwaalleringe' is daar ook enkele ander uitgangspunte wat nie versoenbaar is met 'n omvattende en integrerende Woordbediening wat op die gemeente as geheel afgestem is nie.

* Die *kerklike geskeidenheid*. Dit beteken dat die jeug as groep konsekwent teologies verreken word as 'n eiesoortige entiteit. In dié opsig gaan dit nie meer om 'n werkmetode wat die eiesoortige behoeftes van die jeug wil opvang en verwoord nie, maar die jeug se 'kerk' is hulle aksie of vereniging waar hulle hulle uitleef deur middel van 'liturgiese elemente' soos onder andere eietydse liedere, 'n Woordbediening in jeug-idioom, en gebede wat kort, eenvoudig, assosieerbaar (en natuurlik: in geloof!) gedoen word. Die gevolg is dat daar "a youth church alongside the church" (Little, 1968:4) ontstaan. Die jeug ervaar die gemeente dan as tradisionalisties, koud en slegs vir ou mense.

* Die *kerklike absolutisme*. Die jeug en hulle behoeftes word so sentraal gestel in die gemeente dat dit bloot gaan om 'n bevrediging van die jeug. As gevolg van die feit dat die jeug nie werklik begelei en toegerus word as kerk en liggaam van die Here nie, vind 'n eksperimentering plaas waar die jeug se eie waardes, oortuigings, ervaringe en spiritualiteit die norm en sentrum van alle godsdienstige belewing geword het.

* *Kerklike sinkretisme*. Uiteraard is dit vanuit 'n bedieningsoogpunt geen maklike saak om oud en jonk te betrek nie. Trouens, volgens die 'kerksensus' wat in 1989 gedoen is, blyk dit dat die erediensbywoning nie verbeter het nie. Daarom bestaan daar 'n bekommernis oor die viering van die gemeenskap van die gelowiges met die Here en met mekaar in die erediens (Schoeman & Smuts, s.a.:56).

  Voeg hierby die praktiese ervaring dat baie bedienaars in hulle aanbieding steeds op so 'n wyse besig is dat dit lyk asof die prediking 'n grootmens-raadgee-voorskryf-praatjie is. Verkondiging is geen "koue verstandsgerigte eksegese" nie (Nel, 1982:32-3), want so 'n benadering bring die verstaanbaarheid en relevansie van die

bediening in 'n groter krisis. Ook bestaan daar 'n wesentlike gevaar om op 'n onnatuurlike en ongeïnspireerde wyse oud en jonk te betrek; dan gebeur dit dat sekere metodes van bediening en allegoriese preekwyses net nie meer aanvaarbaar is nie. Beukes (1987:3-6, 28-32) wys op 'n aantal vorms van vernuwing in die erediens waar dit nie meer gaan om die sprekende God nie, maar uiteindelik om die mens wat aan die woord is.

## 6. JEUGBEGELEIDING EN -BEDIENING

Die fokus het veral in die 'pastorale teologie' geval op die bedienaar van die Woord en sy (bege-)leiding. Clinebell (1966:14) is van oortuiging dat "both minister and trained layman serve as shepherd-counselors" ten einde die kerk 'n plek van versoening te maak. Indien jeugbediening teologies begrond word, gaan dit primêr in jeugbediening om die Woord van God wat bedien moet word. Indien jeugbediening daarop afgestem is om die Woord te bedien, dan is jeugbediening onlosmaaklik gekoppel aan die koms van God se koninkryk. Op hierdie wyse is begeleiding en bediening twee gebeure wat binne die hermeneutiese proses funksioneer met die uitsluitlike bedoeling om die Skrif beter te verstaan en te vertolk.

Te lank het 'n jeugbediening bloot eensydig opgegaan in sake soos

* begrip vir die jeug;
* bou aan die selfbeeld van die jeug;
* leierskap en potensiaalontwikkeling;
* aanvaarding van die jeug met sy unieke omstandighede en behoeftes;
* die opbou van die karakter en gawes van die indiwidu; en
* vaardighede om met die jeug te kan kommunikeer.

Daarom is die gevaar groot dat die jeugbedienaar sowel as die -bediening 'n wegbuig van verbondskommunikasie kan veroorsaak. In so 'n geval gaan dit nie meer ten diepste om God Drie-enig se bemoeienis en singewing in die lewe van die jongmens nie. Jonker (1981:34) waarsku tereg dat indien die menslike kommunikasieproses *per se* die voorwerp van bestudering word, gebeur dit dat tussenmenslike verhoudings die beslissende motief van die bediening word. Wanneer die bediening, bedienaar en gemeente sy 'brug-karakter' van gehoorsaamheid en diensbaarheid vir die koms van God deur sy Woord verloor, ontstaan allerlei wanpraktyke en -gestaltes.

Wanneer die tussenmenslike verhoudings die beslissende motief in die bediening word, kan die volgende (wan)praktyke ontstaan.

* Die *bedienaar* word bloot 'n

  - vermaaklikheidskunstenaar in plaas van 'n tussenganger wat die Woord lewensrelevant bedien;

- populêre klankbord van modernistiese en humanistiese godsdienstigheid in plaas van om in solidêre identifisering met die jeug die Woord opreg en getrou te interpreteer; en
- 'n selfaangestelde argivaris wat daarop uit is om die tradisionele te restoureer in plaas daarvan om in Woordgebondenheid te hermeneutiseer en te kommunikeer.

* Die *jeugbediening* word aangepas tot 'n

    - afsetgebied van eietydse eksperimentering;
    - bondgenootskap teen die konfensionele; en
    - 'n na-Bybelse gebeure wat terloops en by spesiale geleenthede die aandag kry.

* Die *gemeente* ontaard in bloot 'n

    - organiserende identiteit en entiteit waarin die heilsmissie sekondêr geword het; en
    - aktivistiese orgaan vir verbygaande godsdienstige opwellings.

Die keersy is egter van groot belang. Waar die mens en sy arbeid as tussenganger en bruggebeure die oorsaak is van 'n wegbuig, kan die bediening op soortgelyke wyse 'n ignorering wees van "daardie openbaringsgebeure van die Woord wat kommunikatief gerig is op die mens se totale situasie" (Louw, 1984b:47).

Dit bly egter 'n gevaar dat die bediening telkens kan verstar tot 'n bloot tradisionalistiese, restourerende en legalistiese instandhoudingsaangeleentheid. Dit is slegs binne 'n pneumatiese bediening waar die Heilige Gees konstitueer sowel as kontinueer dat die ontsluiting van die Woordgebeure lei tot 'n eietydse verbondsvervulling.

## 7. BEDIENING AS BEGELEIDING

Dit is veral Firet (1979:25) wat bediening en begeleiding in teologiese perspektief stel as hy daarop wys dat dit nie *per se* gaan om die werksaamhede van die mens nie: God is en bly die Here van sy kerk wat deur die Heilige Gees werk. Die Gees van God maak die mens nie oorbodig nie, maar Hy skakel die menslike arbeid sowel as die mens self in om as bruggebeure en tussenganger vir Hom op te tree. Wanneer Hy die mens tot sy diens roep, vind daar 'n amptelike werksaamheid plaas waardeur sy Woord en die koms van sy koninkryk tot realiteit gebring word.

Begeleiding staan in onlosmaaklike verband tot die studie van die hermeneutiek, vertaling, kommunikasie, interpretasie en dialoog. Die kerugmatiese bediening wil ten diepste betrokke wees by die proklamasie van die Woord en die koms van sy koninkryk in die mees omvattende sin. Daarom sal ook die jeugbediening in die nouste verband betrokke moet wees by die openbaring van God Drie-enig, die radikale verdorwenheid

van die mens, verlossing uit genade, die lewendmaking deur die Gees en die gereedmaking vir die koms van Christus op die wolke.

Vir Firet (1979:25-59) wentel die bediening van die Woord rondom vier groot gebeure. Dit gaan om

* die nabyheidsgestalte van God;
* die openbaring van die Naam van God;
* die openbaring van die waarheid; en
* die realisering van die heil.

In aansluiting met bogenoemde beklemtoon hy drie wyses (modi) waardeur die Woord bedien word te wete die *kerugma* (verkondiging), *didache* (lering) en die *paraklese* (vermaning en vertroosting). Alle bedieningswyses moet dus die aktivering en ontsluiting van die Bybelse *kerugma* wees. Daarom is dit onmoontlik om met jeugbediening besig te wees sonder om intensief en teologies besig te wees met die betekenis en omvang van begrippe soos skepping, verbond, koninkryk, lofprysing, beelddraer, sondeval en sondaar, versoening, genade, geloof, diens, liefde en voleinding.

Vir De Klerk (1985:56) bied die verbond 'n wesentlike en omvattende teologiese verwysingsraamwerk wat die jeugbediening insluit. So gee die verbond juis erkenning aan die Christosentriese basis en aard van die bediening, terwyl dit ook 'n eenheidsblik op die gemeente se bedieningsfunksies bied. Net so is dit ook van belang om te besef dat jeugbegeleiding, indien dit teologies gefundeer is, via die amptelike gemeentelike, ekklesiologiese strukturering sal geskied. Christus as Verbondshoof en Middelaar versorg en vorm die jeug as deel van sy liggaam. Elke gemeente wat 'n verbondsvisie het, sal die ampte beskou as gawes wat deur Christus gegee is met die primêre doel om mee te werk aan die opbou van die liggaam (Rossouw, 1990:52).

Om jeugbediening in al sy begeleidingsmoontlikhede sinvol te laat ontwikkel, moet dit altyd geskied op *kerugma* van God Drie-enig. Sodanige bedieningswyse is 'n benadering van die Skrif wat geskied deur die inisiatief en bemoeienis van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Om hierdie redes behoort die jeug hulle geloofslewe nie te ervaar as "'n bepaalde kompartement wat gereserveer word vir bepaalde dae (Sondae) en sekere geleenthede (troue en doop)" nie (Louw, 1984a:127). Geloof moet 'n geïntegreerde deel van jongmense se Christelike lewe word en wees.

## 8. DIE EREDIENS AS GRONDVORM

Die erediens word meestal gesien as die spieëlbeeld van gemeentelike diensbaarheid en gehoorsaamheid. Die liturgie behoort gesien te word as die diepste vergestalting van 'n gemeente se "weerklank van Gods Woord in het mensenleven. Wanneer de prediking echt de kinderen van God aanspreekt en op hun hart appelleert, kan deze weerklank onmogelijk uitblijven" (Trimp, 1989:25).

Indien bogenoemde aanvaar word, moet die vraag gevra word waarom daar 'n onophoudelike stroom van kritiek op die erediens is, veral aangesien hierdie kritiek nie net van buite die kerk afkomstig is nie, maar veral van binne (Barnard, 1988:39). Een van die wesentlike probleme waarmee die moderne kerke worstel, is dat hulle die taal van die jongmens nie verstaan en kan vertolk nie (Ouweneel, 1978:13).

In die gesprek rondom die liturgiese elemente van verkondiging, sang, lofprysing, gebed, vertolking, verstaanbaarheid, getuienis, offergawe, danksegging en so meer, kom die besef al hoe sterker na vore dat die teologiese gesprek rondom 'n integrerende jeugbediening maar pas begin het. So is daar byvoorbeeld 65,3% van die gemeentes wat die Jeugsangbundel tydens Pinkster gebruik (Schoeman & Smuts, s.a.:52). Laasgenoemde is maar een aanduiding van 'n bepaalde jeugbehoefte wat bestaan en wat kerklik bevredig moet word.

Een saak is duidelik: die belangstelling in die jeug het wel drasties toegeneem. Alhoewel die 'kerk' alreeds sy opregte belangstelling teenoor die jeug uitgespreek het (Pieterse, 1979:274), moet daar ernstig besin word oor die vraag of die kerk vir die jeug die heilsgebeure is waar hulle God in sy nabyheidsgestalte hoor en beleef. Ook moet vasgestel word die erediens en prediking ervaar word as 'n soort geloof "dat slechts een irrationele sprong in het duister is?" (Ouweneel, 1978:15).

Die erediens is en behoort werklik die ware en totale gemeente (waarvan die jeug inherent deel is) se bewustelike en meelewende antwoord op God se spreke te wees. Die jeug moet hom in hart, hand, verstand (Beukes 1987:19) en mond kan vereenselwig met die gemeente se antwoord aan die *Kurios*. Die erediens mag nooit 'n getuienis van 'n fragmenteringsteologie wees omdat die werklike hart van jeugbediening deur 'n kommissie gaan nie (verwonding). 'n Verbondsgemeente (waarvan die jeug inherent deel is) loof, prys, aanbid en dien die Here uit een hart (verbondenheid).

## 9. SLOTOPMERKING

Die kerk se bedieningstaak moet teologies ontspring vanuit die Woord van God met die *kerugma* dat God Drie-enig die Here is: dit behels dat die gelowige opgeroep word om die wil van God uit te leef, en die Heilige Gees rus die gemeente daarvolgens toe. Elke gelowige is daarom deel van hierdie pneumatologiese bedeling gefundeer op die plaasvervangende sterwe van ons Verlosser, Jesus Christus. In die opbou en uitbou van die gemeente moet elkeen daadwerklik besig wees met die voorbereidende aksie van die koms van Christus se koninkryk en sy wederkoms. Jeugbediening is prinsipieel dus niks anders as die bediening van die Woord van God se volk sodat die jeug ook daadwerklik al saamwerk aan/in die hemelse bediening. Niemand besit as persoon of as bepaalde groep die volheid van die heil nie. "Die opbou van die gemeente vind onderling plaas, binne die *koinonia* waar die mekaar-beginsels funksioneer. Die opbou van die volk van God is dus 'n korporatiewe aangeleentheid" (Hendriks, 1990:39) waarvan die jeug 'n integrale deel is.

Juis in die studie oor die jeug, gemeente, bediening, metodes van bediening en kerklike strukture gaan dit nie net daaroor om die tradisionele te evalueer nie, maar veral om nuwe gesindhede te skep, nuwe riglyne te vind, 'n bepaalde jeugbeleid te (her)formuleer en bowenal om "the reshaping of personalities into the image of Jesus Christ" (Richards, 1980:46).

Die jeug kan van hulle geloof in God getuig as 'n vaste sekerheid, heil en verlossing. Christus se heilswerk is die perfektum van sy opstanding - 'n gegewe wat 'n realiseerbare en ervaarbare werklikheid word as gevolg van die Heilige Gees wat werk. So sal die jeug *kwalitatief* kan meewerk aan sy koninkryk vanweë God se verbondsontferminge.

## 10. BIBLIOGRAFIE


BARNARD, A.C. 1979. Die huidige evangelisasiepatroon. (*In* De Klerk, J.J. *et al*. Evangelistiek. Pretoria : NGKB. p. 320-344.)

BARNARD, A.C. 1988. Erediens en prediking met die oog op die bereiking van kinders. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, XXIX (4):351-372. Sept. 4.

BAüMLER, C. 1977. Unterwegs zu einer Praxistheorie. Gesammelte Aufsätze zur kirchlichen Jugendarbeit. München : Chr. Kaiser Verslag.

BEUKES, M.J. de P. 1987. Vernuwing in die erediens. (*In* Smuts, A.J. *red*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika 3. Perspektiewe op die erediens : NGKB. p. 1-33.)

BLACK, R.P. 1979. Ter wille van sy naam. Pretoria : Kerkboekhandel.

CLEMENTS, R.E. 1978. Old Testament Theology. London : Marshall.

CLINEBELL, H.J. 1966. Basic Types of Pastoral Counseling. Nashville : Abingdon.

CORBETT, J.M. & JOHNSON, C.E. 1972. It's Happening With Youth. New York : Harper and Row.

DE KLERK, J.J. *et al* 1979. Evangelistiek. Pretoria : NGKB.

DE KLERK, J.J. 1985. Verbond en bediening. Kaapstad : NGKB.

DE LA REY, R.P. 1992. Die tieneronderseoek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Gedragswetenskaplike benadering. Pretoria : Universiteit van Pretoria. Departement Sielkunde.

DU TOIT, A.B. 1970. Die taak van die bedienaar van die Woord. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, XI(3):162-173.

FIRET, J. 1979. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen : Kok.

HENDRIKS, H.J. 1990. Bedieninge in en deur die gemeente. 'n Praktiese-teologiese basisteorie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5(1):19-42.

JENTSCH, W. 1977. Handbuch der Jugendseelsorge - Geschichte Theologie Praxis 11. Gerd Mohn : Gütersloher Verslaghaus.

JONKER, H. s.a. Liturgische Oriëntatie. Wageningen : Zomer & Keuning.

JONKER, W.D. 1981. In diens van die Woord. Goodwood : NGKB.

LANDMAN, W.A. *et al*. 1975. Kind en godsdiens. Pretoria : NGKB.

LE ROUX, G.P.V. 1989. Die kerugmatiese bediening van die Woord gerig op die jeug in sy soeke na godsdienstige belewing. Bloemfontein. (Proefskrif (D.Th.) - UOVS.)

LITTLE, S. 1968. Youth, World and Church. Virginia : Knox Press.

LONT, J. 1985. Integrating Youth into the Full Life and Work of the Church. Chicago : RES.

LOUW, D.J. 1984a. Pastoraat aan die adolessent op pad na volwassenheid. (*In* De Villiers J.L. & Prins, J.M.G. Die kerk en sy jeug op weg. Kaapstad : NGKU. p. 127-146.)

LOUW, D.J. 1984b. Pastoraat in eskatologiese perspektief - Teologie Aktueel no 3. Kaapstad : NGKU.

NEL, M. 1982. Jeug en evangelie. Pretoria : NGKB.

OUWENEEL, W.J. 1978. Jeugd in een stervende eeuw: het lot van jonge mensen in een evolutionistische kultuur. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

PIETERSE, H.J.C. 1979. Jeugaksies en buitekerklikheid. (*In* De Klerk, J.J. *et al*. Evangelistiek. Pretoria : NGKB. p. 274-317.)

PIETERSE, H.J.C. 1981. Die daad by die Woord. Pretoria : NGKB.

RAUBENHEIMER, O.S.H. 1984. 'n Prinsipieel-empiriese ondersoek na die naskoolse jeug se belewing van die bediening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria. (Proefskrif (D.Th.) - UP.)

RICHARDS, L.O. 1980. Youth Ministry. Michigan : Zondervan.

SCHOEMAN, W.J. & SMUTS, M. s.a. Kerkspieël III. Verslag van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk (Kerksensus).

TRIMP, C. 1989. Klank en weerklank: Door prediking tot geloofservaring. Barneveld : De Vuurbaak.

ROSSOUW, P.J. 1990. Bedieninge in verskillende kerklike tradisies met verwysing na spesifieke paradigmas. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5(1):43-60.

TRIMP, C. 1989. Klank en weerklank: Door prediking tot geloofservaring. Barneveld : De Vuurbaak.

WESTERHOFF, III J.H. 1967. Will our Children have Faith? New York : Seabury.